

**Skriflesing:** 1 Petrus 1:22 – 2:3

Teks: 1 Petrus 2:2

Sing: VOORAF SANG – Ps. 42: 1, 3

TYDENS EREDIENS – Ps. 68:1,3; Ps. 119:34, 35; Ps. 33:5,6 ; Ps. 84:3,6

**1 Petrus 1:22 – 2:3 (2020 Vertaling)**

**22** Omdat julle julle innerlike, in gehoorsaamheid aan die waarheid, tot ongeveer broederlike gereinig het, moet julle mekaar innig<sup>35</sup> met rein harte liefhê.<sup>36</sup> **23** Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad<sup>37</sup> – deur die lewende en blywende woord van God.<sup>38</sup> **24** Want: Elke mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom: die gras verdroog en die blom val af; **25** maar die woord van die Here bly tot in ewigheid<sup>39</sup> – en dit is die ewangeliewoord wat aan julle verkondig is.

**1** <sup>1</sup> Lê daarom alles wat sleg is, en alle bedrog en geveinsdheid en jaloesie, en alle geskinder af, **2 en smag soos pasgebore babatjies na die suiwer geestelike melk,**<sup>2,3</sup> sodat julle daardeur kan groei, met die oog op julle verlossing, **3** noudat “julle die goedheid van die Here gesmaak het”.<sup>4</sup>

**Skriflesing:** 1 Petrus 1:22 – 2:3

Teks: 1 Petrus 2:2

Sing: VOORAF SANG – Ps. 42: 1, 3

TYDENS EREDIENS – Ps. 68:1,3; Ps. 119:34, 35; Ps. 33:5,6 ; Ps. 84:3,6

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons is weer by die laaste Sondag van Oktober. Al vir

baie lank vier ons as kerke op hierdie Sondag die naaste aan die einde van Oktober

Hervormingsondag. Martin Luther het op 31 Oktober 1517 sy 95 stelling teen die kerkdeur

van Wittenberg vasgeslaan. Daarmee word aanvaar het die ware gereformeerde leer ons as

kerke se lewens weer ingekom. Daar was baie jare, ook genoem die donker Middeleeue,

waar die kerk deur baie dwalinge verstik geraak het. In die donker van die Middeleeue waar

mense deur Roomse dwalinge so meegevoer was, dat die Woord op baie wyses vervals was.

Om op Hervormingsondag weer te mag hoor dat God se Woord is die onvervalste melk, of soos ons dit in 2020 Vertaling gelees het dat ons *soos pasgebore babatjies na die suiwer geestelike melk moet smag*. As ons lees van suiwerheid of onvervalstheid dan lê in die woord op sigself al 'n duidelike waarskuwing. Hervormingsondag is dit so 'n gepaste geleentheid dat ons mekaar moet aanhou waarsku teen hoe maklik word God se Woord vervals. Hoe baie onsuiverhede vind daar nie plaas onder die naam van God se Woord en selfs onder die naam van wat as kerke beskou word. Teen vervalsing van God se Woord en teen valse kerke sal ons mekaar nooit genoeg kan waarsku nie. Dwaalleer is baie en dit raak al erger. Miljoene en miljoene mense is al daardeur meegesleur en sal ook nog miljoene weer daardeur meegesleur word.

Daar is geen manier wat ons teen hierdie vervalsings staande kan bly nie as om net elke keer weer God op sy Woord te wil neem en by die Woord van God te wil bly. Deur God se

Woord beskerm Hy ons. Deur God se Woord stel Hy sy alvermoë en wonderwerkende krag ook in jou en my lewe vry. Dit wat ons vandag kon sing- *sy raad word nooit gekeer nie* (vgl. Ps. 33:6- berym). God se Woord is dit waartoe God jou ook op hierdie Hervormingsondag na toe stuur. Daarom gaan ons mekaar vandag op die Sondag van die Hervorming op drie sake wil wys. Eerstens hoe belangrik dit is om by die suiwer Woord te bly. Tweedens- Hoe kragtig werk God deur sy Woord. In die laaste plek - Hoe ons deur God se Woord gevoed word. Eerste dan –

**Bly by die suiwer Woord:**

God se Woord is *skeppingsmagtig*, wat lewe uit die dood gebied- dit het ons ook in Psalm 33 vers 5 gesing. Net deur te spreek, God het net 'n woord gespreek en so het Hy die ganse skepping, die heelal met die planete en alle ander sterrestelsels, hoeveel duisende of miljoene daar is, weet ons nie, maar oor die grootheid van die skepping staan geskryf- GOD HET GESÊ- GOD HET GESPREEK. Dis al! Johannes 1 die eerste drie verse skryf Jesus se liefing-apostel ook vir ons op hierdie Hervormingsondag- *IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*

Baie mense sê hulle verstaan nie wat hierdie woorde beteken nie. Dana Snyman ook nou met sy reeks op KYKnet- *Grondpad-geloof* het ek verlede Sondag gehoor dat hy kry swaar om hierdie woorde te verstaan. Dit moet tog nie moeilik wees om te verstaan nie, maar sal eers verstaan word as dit werklik geglo word. Die geloof is wat saak maak. Om by die Woord te bly sal ek en jy nie sonder geloof kan regkry nie.

\*\*\*

Dit laat ons ook vanoggend opnuut die vraag vra- soos die Kategismus ons die vraag laat vra- Sondag 7 V/A 21- **Wat is 'n ware geloof?** Kom ons weer mooi na ons belydenis se antwoord wil luister- *'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie , maar ook 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.* Geloof het beslis te make met kennis, 'n vasstaande kennis waardeur ek wil aanvaar dat wat in God se Woord geskryf staan, is waar en seker. Dit is die waarheid. Dan gaan dit oor **alles** wat geskryf staan. Nie hierdie sal ek aanvaar maar dan somer weer is 'n ander deel vir my nie aanvaarbaar nie. So werk ons nie met God se Woord nie. Dan smag ek nie soos 'n babatjie na suiwer

geestelike melk nie. Boere weet, of jy met beeste, skape of bokke boer, as daardie lammetjie of kalfie gebore is, moet daar melk wees. Die kleintjie moet daardie melk inkry, hoe gouer, hoe beter! Ja, daardie diertjie smag na daardie melk. Ons moet soos pasgebore babatjies kan smag na die suiwer geestelike melk wat God ons in sy Woord wil gee.

Tog het ons 'n tyd ingegaan en dit word sekerlik erger! Mense smag nie meer na God se Woord en na God se kerk nie. Die woord smag moet werklik weer diep in jou hart kom lê. In die Grieks is die woord wat met *smag* vertaal word die woord ἐπιποθέω wat daarmee verband hou dat iemand werklik 'n diep verlange het, na wat jy wel erken maar jy het dit verloor. Jy wil dit baie graag weer terugvind. Daardie diep verlange ek wil weer terugvind wat ek verloor het.

\*\*\*

Dit wat vir jou en my die waarheid is, weer Sondag 7, is nie net vir my die waarheid nie, maar ek het 'n vertroude daarin. Geloof het alles met KEN en VERTROU te make. 'n Smag na wat ek vertrou. Is ons nog daarmee besig of is selfondersoek op hierdie Hervormingsondag nie baie dringend nodig nie. Selfondersoek hier aan die einde van die jaar waar ons ook weer binnekort aan die tafel van die Here wil kom aansit.

Sonder hierdie suiwer geestelike melk sal daar geen groei wees nie. Ons kan op baie maniere daarna smag dat ons kerke weer moet groei maar as ons nie by God se Woord bly nie, kan ons dalk vinnige groei kry, maar in watter mate lyk dit soos die wilde lote wat ons dikwels by wingerdstokke sien, dis groen en lank, maar daar is nie vrug nie. Weereens die Woord moet die groei en die vrug gee. Dis duidelik die Woord wil die groei en die vrug in jou lewe waarborg, maar as ek nie werklik soos 'n pasgebore kindjie na hierdie suiwer geestelike melk van die evangelie smag nie, dan sal daar geen groei wees nie. Nog minder sal daar vrug wees.

Die Woord gee die groei, gee die vrug, maar besef ons die Woord is nie eerstens net dit wat geskryf staan en gehoor kan word nie, ten diepste sien ons die Woord as 'n Persoon. Die Woord is God Self in Jesus Christus. Ons het die eerste drie belangrike verse van Johannes 1 gelees- *IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.* En dan lees ons vers 14 ... *En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon – en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die*

*Eniggeborene wat van die Vader kom – vol genade en waarheid.* Die wonderlikste eienskap en terselfdertyd, die grootste geheim van die Woord is dat die hele woord – elke onderdeel daarvan – ons lei na Jesus Christus. Dus het ons die sleutel wat vir ons die Bybel oopsluit. Ons weet hoe om dit te lees: altyd met die oog en betrekking op Jesus Christus!

Ons moet Jesus Christus ken, Hom waarlik ken, op Hom alleen jou volle vertrouwe stel, dan sal ek by sy Woord wil bly, want Hy en sy Woord is Een. Geen mens mag wil skei wat God saamgevoeg het nie! Vraag en antwoord 21 se einde sluit so mooi hierby aan- ***dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.*** As God vir jou en my in Christus sy Woord geskenk het, die Woord waarby ons kan bly, dan kom al hierdie dinge ook hierby ... vergewing van sondes, ewige geregtigheid, saligheid. Dit moet nie vir ons groot woorde wees nie; as dit groot woorde is, moet ons sorg dat ons werklik verstaan wat dit beteken. Dit is al deel van die suiwer melk waarna ons moet smag.

Maak daarom seker jy is met die ware Christus, die Seun van God besig. Die Woord wat vlees geword het en onder ons gewoon het – sy heerlikheid was sigbaar, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol genade en waarheid. Sonder Hom is geen vergewing van sondes, daar is nie ewige geregtigheid nie, saligheid sal daar nie wees nie. Die Heilige Gees is die Een wat dit deur die evangelie in ons harte wil werk. Daarom wil ons nie net op Hervormingsondag mekaar oproep om by die Woord te bly nie, maar mag ons werklik dit raaksien ...

**Hoe God kragtig deur sy Woord in ons wil werk:**

Ons het 1 Petrus 1 vers 23 ook gelees- *23 Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God.* Die 1933 '53 Vertaling stel dit- *23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.* As ons hierdie waarheid lees dan is dit 'n bewys van die verstommende krag van God waardeur God in jou en my begin werk het. Toe God my sy kind gemaak het, ek is weergebore, dan is dit net God alleen wat dit kon doen. Een kant stel Petrus dit hoe swak ons as mense is. Ons is soos blommietjies van die gras wat verdor en afval. Dit wat God deur sy Woord in ons doen, die Woord is God se onverganklike saad, dit gee ons suiwer geestelike melk, maar dit is ook lewende blywende saad, God doen deur sy Woord onverganklike werk. Aan die einde van

hoofstuk het ons dit ook gelees- *maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.*

\*\*\*

Op hierdie Hervormingsondag is ons die Here dankbaar vir sy blywende werk. Al het sy kerk in die Middeleeue net voor die reformasie in groot duisternis weggeraak, dit het gelyk die duisternis wou oorneem, maar tog het die lig van die reformasie deurgebreek. Daar het weer lig in God se kerke ingekom. Ons besef dan ook soos in die tyd van Elia, ons voel dalk baie min en baie alleen, maar God sal nooit 'n God sonder onderdane wees nie. Dit is ook die besondere troos wat ons in Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis hoor- soos ook weer die afgelope week met ons Hoërskool-kindere in hulle elektroniese katekisasie gedeel kon word- Ons bely in die artikel voor die Here- **Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie ... En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar , alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie.**

Dit laat ons die eindelose krag van God raaksien, hoe God eindeloos deur sy Woord in sy kerk bly werk, al is daar mense wat daarop neerkyk. Hulle beledig en wil die werk afmaak wat met groot stryd en moeite gedoen word. Ons moet ons beslis nie deur mense laat afskrik nie. God sal sy werk deur niks laat keer nie. Op Hervormingsondag sien ons raak dat die werk van die reformasie moet voortgaan. Ons moet nog altyd weer reformeer dit wat gereformeer is. Die wedergeboorte is en bly God se werk. Ons kan dit nie voorskryf, beheer of keer nie. So min soos wat ek môre die wind kan beveel dit mag nie waai nie of watter rigting dit moet waai. Dit laat ons groot dinge raaksien rondom die krag wat God deur sy Woord in ons laat werk. Dit bring ons dan ook by ons laaste saak op hierdie Hervormingsondag-

### **Hoe ons deur God se Woord gevoed word?**

Baie mense, ja seker die meeste mense in hierdie wêreld wil nie aanvaar dat dit eintlik so eenvoudig is nie. Dit wat in Romeine 10 vers 17 staan - *17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.* Die 2020 Vertaling stel dit - *17 Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus.* Die 1983 Vertaling stel dit ook baie duidelik- *Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor,*

*en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.* Dit is baie duidelik God wil ons voed deur die prediking, deur die aanhoor van sy Woord, Christus wat ons moet bly verkondig. So kom ons tot geloof; alleen deur die prediking van die suiwere geestelike melk word ons gevoed en kan ons staande bly, in tye wat baie nie meer staan vir die waarheid van God se Woord nie. Hulle het of heeltemal uit die geloof geval of hulle is besig om soos die Hebreër skrywer dit stel- hulle raak agter... Hebreërs 12 vers 15 - *15 en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie ...* Die ander vertalings praat van *om afvallig te raak*, die 2020 Vertaling noem dit *dat ons nie die genade van God moet verspeel nie ...*

Die Woord van God moet suiwer gehoor word, daar was nog nooit 'n tyd wat God nie gesorg het dat daar hulle was wat wel sy Woord suiwer kon verkondig en hulle wat die suiwerheid gehoor het en daarby gebly het. Genade op genade om dit suiwer te verkondig, om dit suiwer aan te hoor, die suiwer geestelike melk wat God ons nog altyd wou gee. Dit waarmee God jou voed en sterk. Romeine 10 wat vir ons duidelik maak dat die geloof deur die prediking kom, stel dit vêrder in vers 14 ook duidelik- *Hoe kan hulle Hom dan aanroep in Wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?* Baie mense het deur baie eeue gedink, dalk is dit somer lawwigheid om elke Sondag dit so te bly doen. Tog weet God dit ook- hy skrywe aan die Korintiërs - *dat dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red; want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke.*

Ons bede op hierdie Hervormingsondag is dat ons almal tog net weer mag kom by die suiwer geestelike melk van die evangelie. Onlangs het die Bybelgenootskap 'n opname gedoen, ja was in 2020 so kort voor die bekendstelling van die 2020 Bybel Direkte vertaling, dat lidmate van christelike kerke gemiddeld minder as 5 minute per week tyd in beslag neem om Bybel te lees. U het reg gehoor hulle is minder as 5 minute per week met die Bybel besig. Dis hoe erg dit is. Baie sal dit toeskryf aan ons gejaagde lewens. Die vraag op die einde is waar sal jou en my gejaagde lewe ons op die einde by uitbring. Elkeen moet maar self die vraag vra en ook antwoord?! Dan verstaan ons ook soveel beter hoe die ou profete die volk kon waarsku- Hosea 4 vers 6- *6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.*

Die Hervormers van die 16de eeu het werk gedoen wat ingrypend was. Hulle het werklik weer gekom by die verstaan van die ware geloof. Die Heidelbergse Kategismus en spesifiek Sondag 7 is juis 'n belydenis vanuit die reformasie. As dit nie vir die reformasie was nie sou ons hierdie ryke skat van die belydenisskrifte nooit gehad het nie. Daarom vra uself vandag weer af wat dit beteken om te glo, om 'n dors, om 'n verlange na die suiwer geestelike evangelie te mag hê. As daardie verlange nie meer in jou en my is nie, dan het ons moeilikheid. Dan het ek dalk al deel geword van die onvaste mense wat Petrus later in 2 Petrus 3 van skrywe, mense wat skandvlekkie is, wat onvas is, wat die Skrifte verdraai tot hulle eie verderf. Wie waarlik lief is vir God se Woord sal ons as kerke se belydenisskrifte ook waardeer en omhels want dit is baie duidelik die reformasie en ons belydenisskrifte het ontstaan vanweë 'n smagting na God en sy Woord, die suiwer geestelike melk wat ons van geles het.

Mag ons die waarde van God se Woord opnuut besef dan sal soveel ander dinge verander. Dan sal ons verander word, deur die vernuwing van ons gemoed. Romeine 12 vers 2 stel dit duidelik ook op hierdie Hervormingsondag- *2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.* Die ouer vertaling gryp nog ietwat dieper- Hier binne jou, in jou gemoed moet dit alles begin- *2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*

AMEN